PIETERSBURG

# NOTULE * MINUTES

LEDEVERGADERING GEHOU TE IMPALA KLUBHUIS
MEETING HELD AT IMPALA CLUB HOUSE
OP/ON **5 NOVEMBER 2013**

PIETERSBURG

Kantoor: Biccard Straat No.3.
Tel. No. 015 291 3820
Faks no. 086 267 5365
Webwerf: www.bushveldhunters.co.za
e-pos: pietersburg@bosveldjagters.co.za

Voorsitter: Rudi Myburgh Tel. No. 083 229 0148 e-pos: myburghrudi@gmail.com
Ondervoorsitter: Bertus Visagie Tel. No. 083 495 5134 e-pos: bvisagie@vwpolokwane.co.za
Sekretaris: Stephan du Plessis Tel. No. 084 491 1165 e-pos: duplessis.stephan@yahoo.com
Tesourier: Ben Redelinghuys Tel. No. 082 417 8857 e-pos: ben@proquinn.co.za

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.1** | **Opening en verwelkoming**<br>**Opening and welcoming**<br>Andrè de Lange open die vergadering met gebed waarna Rudi Myburgh almal teenwoordig welkom heet. | Rudi Myburgh |
| **1.2** | **Voorlees van Doelstellings**<br>Rudi lees die doelstellings van die Vereniging voor en vra die lede om die doelstellings na te streef. | Almal |
| **1.3** | **Verskonings / Apologies**<br>Dennis Traynor, Jaap Davis, Ockert Fourie, Pieter Smit, Braam Els. | Almal |
| **1.4** | **Presensielys / Attendance List**<br>Die presensielys word gesirkuleer en almal teenwoordig word versoek om dit so volledig moontlik te voltooi. Die lys word by die oorspronklike notule aangeheg. | Almal |
| **1.5** | **Mosies / Motions**<br>Geen mosies is ingedien. | Almal |
| **1.6** | **Korrespondensie / Correspondence**<br>Geen korrespondensie is ontvang. | Almal |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.7** | **Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting** | |
| | 1.7.1 Voorlees van vorige notule / Reading of previous minutes<br>Rudi Myburgh lees die notule voor van die vergadering wat gehou was op 8 Oktober 2013.<br>1.7.2 Regstellings op vorige notule / Corrections on previous minutes<br>1.9.2. Derde sin, verander 2013 na 2014.<br>1.7.3 Voorstel vir goedkeuring deur / Proposed for approval by<br>Patrick Meyer<br>1.7.4 Gesekondeer deur / Seconded by<br>Hannes Senekal | Almal |
| **1.8** | **Vasstelling van die sakelys – Nuwe Sake**<br>2.3. 2014 Almanak | |
| **1.9** | **Sake voortspruitend / Matters arising**<br>1.9.1 Skietbaan<br>Rudi rapporteer dat die 200m baan gesluit is vir algemene gebruik. Die baan kan slegs onder toesig van `n baanbeampte gebruik word. Wilson het ook opdrag om toe te sien dat daar geen teikens op die grond geplaas word nie. Teikens moet teen die skietwal, een meter van die grond af geplaas word.<br>Rudi noem ook weer dat `n baanbestuurder aangestel gaan word wat verantwoordelik sal wees vir die onderhoud op die baan asook toesig oor Wilson. Hy sal ook `n opgeleide baanoffesier wees.<br>Rudi lê `n plan van `n voorgestelde skietbaan wat agter die saal gebou kan word aan die vergadering voor. Die baan sal aan SABS vereistes voldoen. Rudi het reeds die plan aan die Stadsraad voorgelê en hulle het nie `n probleem nie. Lafarge kan moontlik materiaal verskaf vir die walle. `n Begroting sal opgestel word. | Rudi Myburgh |
| | 1.9.2 BJV Algemene Jaarvergadering 2013<br>Rudi rapporteer dat die Vereniging se AJV op 26 Oktober 2013 plaasgevind het. Die volgende punte word deur Rudi uitgelig:<br>• Die ou bestuur is weer verkies.<br>• CHASA is ook nou geregistreer as `n Profesionele Jagtersvereniging. Lede wat dus as Profesionele | Rudi Myburgh |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | Jagters gekwalifiseer is kan deur CHASA registreer en werk.<br>• Die Vereniging se finansies lyk goed. 1 September 2014 se ledegeld verhoging sal inflasie verwant wees.<br><br>1.9.3 Nuwe lede - Goedkeurings<br><br>Rudi lees die name van nuwe aansoekers af. Geen besware is uit die vergadering geopper nie. Die lys met name word aan die notule geheg.<br><br>1.9.4 Pietersburg Jaareindfunksie – Terugvoer<br><br>Rudi rapporteer dat die aand `n groot sukses was. Die Skut van die Jaar vir 2013 was Rudi Myburgh. Junior lid van die jaar was Rudolf Myburgh. | Rudi Myburgh<br><br>Rudi Myburgh |
| **1.10** | **Opleiding / Training**<br><br>1.10.1 Baanbeampte kursus<br><br>Rudi rapporteer dat `n kursus vir Februarie 2014 beplan word. Lede wat die kursus wil doen moet hulle name by Debbie opgee.<br><br>1.10.2 Chasa kursus<br><br>Rudi rapporteer dat `n kursus vir Februarie 2014 beplan word. Lede wat die kursus wil doen moet hulle name by Debbie opgee. | Stan Rodgers<br><br>Stan Rodgers |
| **1.11** | **Toegewydejagters / Dedicated Hunters**<br><br>1.11.1 Algemeen<br><br>Rudi versoek weer dat bewyse van jagte en ander aktiwiteite so gou moontlik na Debbie gestuur moet word vir registrasie. Ledegelde moet ook op datum wees. Die wet vereis dat `n persoon aaneenlopend lid moet wees, anders verval sy toegewyde jagter status. `n Lys van lede wat nie aan die vereistes voldoen word einde van November aan die SAPD gestuur.<br><br>1.11.2 Nuwe goedkeurings<br><br>Rudi Myburgh rapporteer dat daar geen nuwe aansoeke die afgelope maand was nie. | Toegewyde Jagters<br><br>Almal |
| **1.12** | **Finansieëleverslag / Financial report**<br><br>Geen verslag is gelewer. | BRedelinghuys |
| **1.13** | **Sosiaal / Social** | |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | 1.13.1. Algemeen<br>Rudi nooi almal om na die vergadering te kom saam eet. Die tak betaal R30.00 en die lid die res van die rekening. | Almal |
| **1.14** | **Skietdae**<br>1.14.1 Skietdag (Terugvoer) – 19 Oktober 2013<br>Rudi rapporteer dat die dag `n Posliga kompetisie was. Punte word na Chasa gestuur. Rudi lees die uitslae van die dag. | Rudi Myburgh |
| | 1.14.2 Skietdag – 16 November 2013<br>Rudi noem dat die dag se kompetisie `n pretskiet by AL3 sal wees. | Rudi Myburgh |
| | 1.14.3 Voorseisoen Skietdag – 7 Desember 2013<br>Rudi noem dat die kompetisie op Mooketsi sal plaasvind. Punte sal tel vir opname in die BJV span wat aan die Intervereniging kompetisie in Bloemfontein gaan deelneem.<br>Die tweede voorseisoen kompetisie vind op 1 Februarie 2014 by AL3 op Dendron plaas. | Rudi Myburgh |

## 2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING<br>NEW ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **2.1** | **BJV Dinee – 23 November 2013**<br>Lede word genooi om die funksie by te woon. Besprekings kan by Debbie gedoen word. | Almal |
| **2.2** | **PMP Groeperingskiet – 15 Maart 2014**<br>Rudi rapporteer dat Pietersburg weer gekwalifiseer het om die PMP kompetisie aan te bied. Dit sal plaasvind op 15 Maart 2014. | Rudi Myburgh |
| **2.3** | **Almanak 2014**<br>Rudi rapporteer dat die almanak by die drukkers is. Die formaat is die selfde as die 2013 almanak. Lede word versoek om doe borge te ondersteun. Die almanak sal aan lede gepos word en is ook op die webwerf beskikbaar. | Almal |

**3. ALGEMEEN**
**GENERAL**

| | | |
|---|---|---|
| | Geen bespreking het plaasgevind. | |

**4. VOLGENDE VERGADERING**
**NEXT MEETING**

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | Die volgende ledevergadering sal plaasvind op 4 Februarie 2014 om 18:00 in die saal. | |

**5. AFSLUITING**
**CLOSING**

| | | |
|---|---|---|
| **5.1** | Rudi Myburgh bedank almal vir hulle insette gedurende die vergadering en die afgelope jaar. Lede word `n geseënde kersfees toegewens. Almal word uitgenooi om saam te kom eet en sosiaal te verkeer. | |

**6. GOEDGEKEUR**
**APPROVED**

____________________ ____________________
Sekretaris Datum

____________________ ____________________
Voorsitter Datum